Geopende *Deure* **GEBEDSKALENDER**

Augustus–Oktober 2023



©IMB. Verteenwoordigende foto gebruik.

## Neem aksie deur gelowiges te ondersteun wat gewelddadig vervolg word

As gelowiges deel ons dieselfde geloof in Jesus Christus, waar verskille in taal, etnisiteit en grense verbreek word. Hoewel ons dieselfde geloof deel, is ons lewens en vryhede verskillend. In lande op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys staar gelowiges gewelddadige vervolging in die gesig. Hulle word aangerand, in die tronk gemartel en selfs vermoor omdat hulle in Christus glo en die Evangelie deel.

Skandeer hier:

As een liggaam is ons vir mekaar verantwoordelik en word ons geroep om mekaar by te staan wanneer ons beproewings in die gesig staar. Hebreërs 13:3 herinner ons hieraan: *"Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word asof julle self ook mishandel word."*

# AUGUSTUS

### 1 Sentraal-Asië
Bid vir volgehoue veiligheid en waagmoed vir gelowiges, pastore en leiers van tuisgroepe in Sentraal-Asië wat gereeld dreigemente van die owerhede in die gesig staar.

### 2 Sentraal-Asië
Die regering het begin om gelowiges te werf om op geheime gelowiges te spioeneer. Dié aksie het twyfel en wantroue veroorsaak. Bid dat die nuwe uitdaging gelowiges nader aan God sal bring eerder as om hulle te verdryf.

### 3 Sentraal-Asië
Bid dringend vir meer putte in Sentraal-Asië. Christene word as onbeduidend geag en het min toegang tot basiese geriewe. Meer putte sal lewens red.

### 4 Arabiese Skiereiland
God bou Sy Kerk in die lande op die Arabiese Skiereiland. Bid dat die Here volwasse leiers sal oproep wat soos Jesus sal liefhê en lei.

### 5 Werk onder Christen-vroue vanuit ŉ Moslem-agtergrond
Bid dat die opleiding, media en berading oor spesifieke vroulike onderwerpe onder Christen-vroue vanuit ŉ Moslem-agtergrond vir hulle ŉ seën en versterkende hulpbron sal wees.

### 6 Noord-Afrika
Aizah* is aan verwerping en onreg blootgestel toe sy in ŉ Moslem-streek in Noord-Afrika tot bekering gekom het. Dank God vir haar onbaatsugtige diens aan ander vroue wat ŉ soortgelyke stryd weens hul geloof ervaar.

### 7 Noord-Afrika
Ten spyte van haar persoonlike uitdagings, konfronteer Aizah* steeds onderdrukking wanneer sy dit teëkom. Bid dat haar waagmoed aansteeklik sal wees en dat meer mense die vrymoedigheid sal hê om teen ongeregtighede op te staan.

### 8 Sub-Sahara Afrika
Meer Christene word in sub-Sahara Afrika vermoor as op enige ander plek. Families, vriende en kerke is verpletter agtergelaat. Bid dat God dié met gebroke harte sal vertroos en hul vreugde sal herstel.

### 9 Nasionale Vrouedag
Bid saam met ons op Nasionale Vrouedag vir vroue plaaslik en op verafgeleë plekke wat geweld in die gesig staar. Bid dat hulle God se vrede, vertroosting en genesende teenwoordigheid sal ervaar.

### 10 Egipte
Rania* in Egipte beskryf die wonderbaarlike genesing van haar seun, wat gesê het: "Ek het Christus na my sien kyk. Hy het my geroep en gesê: 'Kind staan op.'" Bid vir meer bonatuurlike ontmoetings sodat nog meer mense Christus sal leer ken.

### 11 Getraumatiseerde vroue
Prys die Here dat Geopende Deure se seminare vroue help om lank gevestigde trauma te verwerk. Bid vir meer deurbrake in die gesondheid en genesing van Christen-bekeerlinge.

### 12 Azerbeidjan
Die paar Christene in Azerbeidjan word dikwels weens hul geloof as minderwaardig beskou. Bid dat God ŉ deur sal open vir diegene wat hul werk verloor het, om te oorleef.


Sahar het intense vervolging agter geslote deure in Iran verduur. Bid dat baie mense Christus deur haar getuienis sal leer ken.

## 13 Iran

Sahar het van Islam tot die Christendom bekeer. Prys God vir Sahar se transformasie deur die Evangelie. Dank God vir die gevoel van behoort en aanvaarding wat sy nou as God se kind beleef.

## 14 Iran

Sahar probeer om ander vroue te bedien en te dissipel. Bid dat Christen-bekeerlinge tot Sahar aangetrokke sal voel. Bid dat nog baie vroue Christus deur haar getuienis sal leer ken.

## 15 Iran

Bekeerlinge in Iran se lewe is ŉ opdraande stryd. Sahar het egskeiding in die gesig gestaar en sou haar kinders verloor. Bid dat haar man se hart teenoor haar en haar Christenskap sal versag. Bid vir oorvloedige liefde in hul gesin.

## 16 Turkmenistan

Namate Turkmenistan se ekonomiese situasie vererger, kan talle mense nie kos en mediese sorg bekostig nie. Bid dat president Berdimuhamedow ŉ beleid sal implementeer wat tot voordeel van dié mense sal strek.

## 17 Bangladesj

Bid teen korrupsie en die blatante miskenning van mense se regte in die land, insluitende dié van werkers. Bid dat God leiers sal oproep wat opreg vir die mense omgee.

## 18 Bangladesj

Bid vir ŉ verandering in die harte en gemoedere van nie-Christelike onderwysers en studente sodat hulle gelowige studente sal aanvaar. Sodoende sal alle kinders gelyke regte en fasiliteite by die skool kan geniet.

**19 Broenei**
Jongmense ervaar op skool en universiteit aggressie van beide hul maats en professore weens hul geloof. Bid dat die Christen-jeug in Broenei sterk sal staan in hul geloof en ŉ lig vir ander sal wees.

**20 Broenei**
Volgens ŉ *Borneo Bulletin*-artikel is daar ŉ toename in die seksuele misbruik van jong vroue deur familielede. Bid vir getraumatiseerde slagoffers wat weens die trauma sielkundig en fisies ly.

**21 Indonesië**
Prys die Here vir Sy voorsiening van ŉ nuwe Geopende Deure-basis in Sumatra. Bid vir seën oor dié werknemers en dat die nuwe basis God se liefde in die streek sal versprei.

**22 Indonesië**
"My hart was daarna gevul met vrede." Dank God vir Nara se nuutgevonde geloof in Christus. Ondersteun haar in gebed terwyl sy haar reis van dissipelskap voortsit.

**23 Sirië en Turkye**
Baie mense het familielede, huise en hul lewensbestaan tydens Februarie se aardbewings in Sirië en Turkye verloor. Bid vir God se voorsiening en leiding terwyl hulle hul lewens herbou.

**24 Sirië en Turkye**
Bid vir kerkleiers en Geopende Deure se plaaslike vennote, wat maande ná die aardbewings steeds mense bedien, vir hernude krag en wysheid.

**25 Arabiese Skiereiland**
Nadia*, ŉ bekeerling in die Arabiese Skiereiland, vra vir gebed om versterk te word in haar wandel en vir duidelikheid oor God se doel met haar. Bid vir krag en leiding vir Nadia.

**26 Arabiese Skiereiland**
"Al kan dit moeilik wees, is dit alles werd om saam met die Here te wandel." Dank God vir Nadia* se geloof terwyl sy ander jong gelowiges in die Arabiese Skiereiland probeer bemoedig.

**27 Arabiese Skiereiland**
Die Kerk in die Arabiese Skiereiland het wonderbaarlik gegroei. Dank God vir die nuwe gelowiges en vir Christene wat die media en gesprekke gebruik om die Woord van God te versprei.

**28 Golflande**
Hoewel sosiale media kan help met die verspreiding van God se Woord, kan dit ook ŉ bron van vals inligting wees. Bid dat soekers en gelowiges in die streek die waarheid van leuens sal kan onderskei.

**29 Golflande**
Vroeër vanjaar is talle gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond in een van die Golflande in die tronk gegooi. Bid vir vertroosting, beskerming en krag vir hulle.

**30 Sub-Sahara Afrika**
Habiba* is op die ouderdom van 13 in ŉ huwelik gedwing. Sy worstel met dié herinneringe. Bid vir genesing, herstel en blywende geloof vir Habiba en ander slagoffers van geweld in sub-Sahara Afrika.

**31 Sub-Sahara Afrika**
Die Kerk in sub-Sahara Afrika het die wêreld se grootste aantal jong lidmate onder die ouderdom van 25 jaar. Hulle staar ŉ ongekende aanslag in die gesig. Bid dat God hulle met hoop sal vul en dat hul geloof en toekoms veilig in Hom sal bly.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# SEPTEMBER

## 1 Vroue vanuit ŉ Moslem-agtergrond

In ŉ Islamitiese samelewing is dit algemeen dat vroue vanuit ŉ Moslem-agtergrond minderwaardig teenoor mans sal voel. Bid vir die vernuwing van hul denke en vertroue in hul status as dogters van God.

## 2 Geopende Deure se "Restorations"-program

ŉ Geopende Deure-program genaamd "Restorations" verkondig die Bybelse siening oor vroue. Dit is ŉ lang en moeisame proses vir vroue om ŉ nuwe siening te aanvaar. Bid vir volharding gedurende hierdie sessies.

## 3 Vroue in Moslem-lande

Azizah* sê: "Ten spyte van wat jy uit die Woord hoor, luister jy daagliks na nóg boodskappe wat jou steeds waardeloos laat voel. Dit skep groot innerlike konflik." Bid dat meer opbouende boodskappe oor vroue in Moslem-lande verkondig sal word.

## 4 Vroue in geslote lande

In geslote lande word geloofstelsels oor vroue se rol en status van geslag tot geslag oorgedra. Bid dat moedige Christen-vroue ander vroue sal leer hoe God hulle sien.

## 5 Vroue in geslote lande

"Voordat ek tot bekering gekom het en gedurende die eerste paar jaar daarna, het ek min selfvertroue gehad. Ek kon nie my mening met moed deel nie. Ek is nou bewus



Bid dat vervolgde vroue en mans hulle identiteit in Christus sal beleef.

van my identiteit in God," sê Azizah. Bid dat baie meer vroue hul identiteit in Christus sal beleef.

### 6 Geheime gelowiges
Bid dat geheime gelowiges in Moslem-lande mekaar sal vind en ondersteun met Bybelgroepe, samesyn en dissipelskap.

### 7 Vervolgde Christene
Bid vir gelowiges wat weens hul geloof in Jesus van hul families vervreem is en dat hulle sal versoen.

### 8 Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)
Bid dat die DRK se regering aktief sal optree om mense se vryheid te beskerm om vir aanbidding te vergader.

### 9 Burkina Faso
Prys God met danksegging dat die veiligheidsmagte vroeër vanjaar 66 vroue en kinders gered het, wat in Januarie deur jihadiste ontvoer is. Vra God om diegene wat deur hul ontvoering getraumatiseer is, te genees.

### 10 Iran
Dit is skokkend dat sommige gevangenes in Iran sonder ŉ geldige rede, óf selfs ŉ behoorlike verhoor, doodsvonnisse opgelê is. Bid dat geregtigheid sal seëvier en dat hulle van die doodstraf gered sal word.

### 11 Iran
Bid dat gevangenes in Iran van marteling gespaar sal word en binnekort vrygelaat sal word.

### 12 Iran
Bid dat die Iranse owerhede die vervolging van Christen-bekeerlinge en aanhangers van ander gelowe sal beëindig in ooreenstemming met hul verpligting volgens die internasionale reg.

### 13 Sentraal-Asië
Jeugwerk word in baie lande erg beperk. In sommige lande word Christene verbied om aan enige godsdienstige aktiwiteite onder jeugdiges en minderjariges deel te neem. Bid vir geleenthede vir jongmense om God se liefde te ervaar.

### 14 Sentraal-Asië
Hakim* en sy gesin het hul vaderland vanweë grootskaalse vervolging verlaat, maar het teruggekeer weens hul passie om mense daar te bedien. Hy lei ŉ netwerk van ondergrondse huiskerke. Bid vir sy veiligheid en dié van sy gesin.

### 15 Maleisië
Meer as 10% van die inheemse jongmense in Maleisië voltooi nie hul skoolopleiding nie. Bid dat God die sienings oor onderwys in die dorpe sal verander en hulle sal bemoedig om hul onderrig voort te sit.

### 16 Maleisië
Geopende Deure se plaaslike vennote het weens die lae geletterdheidsyfer ŉ leesprogram vir inheemse kinders begin. Prys God dat Hy kinders toelaat om te leer lees en by die Bybel betrokke te raak.

### 17 Libanon
Libanon is geplunder weens swak leierskap. Bid dat die leiers Jesus sal vind, wat sag en nederig is, en hul lewens sal verryk.

### 18 Libanon
God se Woord versprei deur Libanon. Prys God vir die geleenthede om Christus deur TV, radio en die Kerk te deel, en die wonderlike mense wat aktuele programme aanbied wat kykers seën.




Verteenwoordigende foto gebruik.

## Skenk sodat vervolgde gelowiges hul eie Bybels kan besit

Die Woord van God bly ŉ lamp vir ons voete en ŉ lig vir ons pad. Dit gee ons vrede en vertroosting wanneer ons die lewe se struikelblokke in die gesig staar. Ongelukkig het nie alle gelowiges toegang tot die Bybel nie. Talle gelowiges besit steeds nie ŉ Bybel nie omdat dit moeilik bekombaar is in hul lande. In sommige lande is die besit van ŉ Bybel onwettig of is dit nie beskikbaar in ŉ taal wat hulle verstaan nie. Gelowiges is dus verheug wanneer hulle hul eie Bybels ontvang en koester dié geskenk soos goud.

ŉ Geopende Deure-werker in Afrika, wat gehelp het om Bybels onder jongmense te versprei, het dié Boek se kosbaarheid eerstehands ervaar, asook die belangrikheid daarvan om dit meer toeganklik te maak sodat gelowiges in hul geloof kan groei. Dus is hy só dankbaar vir jou ondersteuning om Bybels aan gelowiges beskikbaar te stel. *"Ek dank julle vir jul bydrae om die Koninkryk van God te versprei,"* het hy gesê.

Skandeer hier:

### 19 Israel en Palestina

Bid dat ons projekte in dié streek ŉ hemelse agenda sal volg. Bid dat ons lewens sal verander sodat die mense wat ons teëkom se verhouding met die Here sal verdiep.

### 20 Irak

Geheime gelowiges in afgeleë plekke het dringend kommunikasie met ander gelowiges nodig sodat hulle kan weet dat hulle nie alleen is nie. Bid dat hulle God se teenwoordigheid nog sterker sal ervaar wanneer hulle geïsoleer voel.

### 21 Libië

Dit is gevaarlik vir mense in Libië om uit te reik om vervolgde gelowiges te ondersteun. Bid vir die beskerming van vriendelike mense wat probeer help.

### 22 Libië

Bid vir volharding by gelowiges wat sukkel om ŉ normale lewe te lei nadat hulle tot bekering gekom en volgelinge van Jesus geword het.

### 23 Marokko

Laila* het geloof in Jesus gevind, maar het ten koste daarvan haar man deur egskeiding verloor. As enkelma sukkel sy om staande te bly. Bid vir finansiële seën vir Laila.

### 24 Erfenisdag

Anders as ŉ tydelike aardse erfenis, beloof ons erfenis in Christus die ewige lewe. Terwyl ons vandag ons aardse erfenis onthou, kom ons loof God vir ons geestelike erfenis en wy ons lewens aan diens van daardie erfenis.

### 25 Sri Lanka

Talle vervolgde gelowiges is deur hul gemeenskappe geïsoleer en kinders staar vervolging by die skool in die gesig. Bid dat God vervolgde Christene in Sri Lanka sal versterk.

### 26 Jemen

Bid vir Goddelike verbintenisse tussen opregte mense wat Christus volg en Bybelse aanlynplatforms wat opleiding in dissipelskap aanbied.

### 27 Jordanië

Verskeie Christen-mans vanuit ŉ Moslem-agtergrond is verlede jaar ondervra. Een is selfs met ŉ metaalstoel geslaan en het lewerskade opgedoen. Bid vir genesing vir dié mans en uithouvermoë vir Jordaniese Christene te midde van vervolging.

### 28 Palestynse gebiede

Bid vir geestelike moeders en vaders om die klein groepie gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond in dié streek te dissipel. Bid dat die Heilige Gees hul familielede se harte teenoor hulle en hul geloof sal verander.

### 29 Midde-Ooste

Sommige vroue vind baat by Geopende Deure se dissipelskapopleiding vir vroue. Ander sukkel om die Bybel se lering oor vroue te aanvaar. Bid vir wysheid vir die vroue wat hierdie kursusse aanbied en diegene wat dit bywoon.

### 30 Nigerië

Altesaam 96 Chibok-skoolmeisies word steeds gevange gehou nadat Boko Haram nege jaar gelede meer as 270 meisies ontvoer het. Volhard in gebed vir hul veilige terugkeer en dat die meisies en hul gesinne sal aanhou om die Here vir uitkoms te vertrou.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# OKTOBER

### 1 Bangladesj
In Bangladesj bestuur Geopende Deure ŉ Sentrum vir Volwasse Geletterdheid, wat landelike mense help om te leer lees, skryf en by die Bybel betrokke te raak. Prys God vir die talle plaaslike inwoners wat Christus op dié manier ontdek.

### 2 Bangladesj
Sommige Moslems het studente teen die bywoning van geletterdheidsklasse gewaarsku en vermaan dat hulle "in die moeilikheid sal beland" as hulle dit doen. Bid vir ŉ einde aan dié intimidasie en meer aanvaarding van godsdienstige diversiteit.

### 3 China
China lei pogings om menseregte te herdefinieer, wat stabiliteit en sekuriteit bó waarde en waardigheid beklemtoon. Dit is ŉ gevaarlike stap na globale outoritarisme, met regimes wat meer mag oor hul mense wil uitoefen. Bid dat hul planne sal misluk.



### 4 China
Verlede jaar is wette oor die deel van godsdienstige inhoud aanlyn ingestel. Dié stap het Christene gedwing om versigtig te wees oor wat hulle aanlyn plaas. Bid dat God die beperkings sal gebruik om mense se geloof te verdiep, vindingrykheid te inspireer en die Evangelie verder in China te versprei.

### 5 Colombië
Die vervolging van Christene in Colombië vererger, hoofsaaklik weens ŉ toename in geweld en moord. Bid die woorde van Psalm 5:12 oor gelowiges: "Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel. U beskerm dié wat U Naam liefhet, en hulle juig oor U."

### 6 Colombië
Meer vervolgde broers en susters in Colombië begin hul eie ondernemings danksy werkswinkels wat Geopende Deure-vennote aanbied. Bid vir besigheidsidees en winsgewende ondernemings.

### 7 Mexiko
"In dié wêreld sal ons vrede en liefde beleef. Verenig, altyd verenig met hande wat mekaar vashou, sal ons na die wêreld uitgaan en tot God sing." Altesaam 77 pastore het hierdie woorde gesing by ŉ geleentheid wat Geopende Deure-vennote aangebied het om hulle te help om hul gemeentes vir vervolging voor te berei. Bid dat God die pastore se bedienings sal versterk.

### 8 Mexiko
"Wanneer jy toepaslik op vervolging reageer, kan jy die gemeenskap vir Christus wen," sê pastoor Lauro Núñez. Toe hy geweier het om teen sy vervolgers op te staan, het hul

(Mexiko vervolg)

houding teenoor hom versag. Bid dat sulke getuienisse talle mense na Jesus sal lei.

### 9 Nigerië

Nigerië se demokrasie staar uitdagings in die gesig te midde van ernstige veiligheidsprobleme, veral in Noord-Nigerië. Bid vir ŉ sterk regering wat die beskerming van mense sal prioritiseer, ongeag hul godsdiens, etnisiteit of geslag.

### 10 Nigerië

Nigerië het sowat 100 miljoen Christene, wat die helfte van die bevolking is. Die Kerk bly groei ten spyte van vervolging. Dank die Here vir Sy Kerk. Bid vir wysheid om te midde van toenemende diskriminasie en aanvalle lewens te lei wat Christus eer.

### 11 Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)

Die Geallieerde Demokratiese Magte voer sedert 2014 wrede aanvalle in die ooste van die DRK uit. Die aanvalle het die afgelope jare hewiger en gereelder geraak. Bid dat die oortreders ŉ radikale verandering in hul harte sal hê.

### 12 DRK

Alhoewel 95% van die DRK uit Christene bestaan, ervaar hulle gereelde vervolging. Bid dat kerke teen aanvalle beskerm sal word en verenig sal bly.

### 13 Sirië en Turkye

"Mense van die kruis. Julle was ons familie wat vir ons gesorg het." Prys God vir die getuienis van vrygewige Christene in Sirië en Turkye, wat mense prakties bystaan.

### 14 Sirië en Turkye

Bid vir die genesing van trauma en sielkundige gevolge ná die aardbewing. Vra dat die Kerk steeds ŉ plek van hoop en verligting in die gemeenskap sal wees.

### 15 Viëtnam

Gelowiges in Viëtnam kan weens vals aanklagte opgesluit en gemartel word. Pastoor Phuc is vroeër vanjaar in die tronk dood. Sy gesin vermoed dat hy aangerand is. Bid vir God se volgehoue vertroosting oor sy gesin terwyl hulle treur.

### 16 Maleisië

Daar is toenemende kommer in Maleisië oor die styging in seksuele misbruik, veral teenoor jongmense. Bid dat kwesbare mense met God se beskerming geklee sal word.

### 17 Laos

Christene moet gewoonlik met ŉ groot gesukkel ŉ permit by die plaaslike regering verkry vir "groot" kerklike aktiwiteite. Bid dat die godsdiensvryheidswette verslap sal word sodat Christene groot geleenthede kan vier.

### 18 Sri Lanka

Alhoewel pastoor Indunil se kerk verlede jaar deur Boeddhistiese ekstremiste aangeval is, loof hy God vir die geestelike groei wat hy ná die aanval ervaar het. Prys God dat Hy goeie dinge uit dié gebeurtenis laat voortspruit.

### 19 Sri Lanka

Pastoor Indunil se waagmoed het ander Christene aangemoedig om uit hul skuilplekke te kom, wat Sri Lanka se Kerk sigbaarder as ooit tevore gemaak het. Bid dat dié kerk ŉ baken van hoop in die streek sal wees.

### 20 Sri Lanka

Bid dat moedige Christene in die suidelike provinsie van Sri Lanka standvastig sal bly en sal volhard om die Evangelie met ander in hul gemeenskap te deel.

## Verander die lewens van vervolgde gelowiges deur sosio-ekonomiese projekte

Dit is veral uitdagend om ŉ vervolgde gelowige te wees in lande waar Christene in die minderheid is of waar hulle in gebiede woon waar hulle die enigste gelowiges is.

Daarom is dit só noodsaaklik om vir vervolgde gelowiges te bid en hulle te ondersteun. Elke gebed en geskenk help ons familie, en God het belowe: "*God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir Sy Naam betoon het deurdat julle jul medegelowiges gedien het en nog dien nie.*" Hebreërs 6:10 (1983)

Skandeer hier:

Wanneer gelowiges van gemeenskapshulpbronne afgesny word of werk geweier word, en gevolglik nie vir hul gesinne kan sorg nie, maak jou ondersteuning ŉ verskil. Jou liefde is ook die grootste seën wanneer hulle weens ongeletterdheid nie die Bybel kan lees nie.



Verteenwoordigende foto gebruik.

## 21 Mexiko
Bid vir pastore in Noord-Mexiko wat daagliks in die skadu van georganiseerde misdaad leef. Bid dat God hulle sal beskerm terwyl hulle in dié gevaarlike gebiede dien.

## 22 Colombië
Bid dat besoekers en vrywilligers se tyd saam met kinders by die Kindersentrum vir hulle en die kinders opbouend sal wees. Bid dat God hulle in hul geestelike reis sal aanmoedig.

## 23 Mali
Dit is gevaarlik om ŉ Christen in Mali te wees, waar gelowiges weens hul geloof deur militante groepe geteiken word. Bid dat Christene mekaar deur samesyn sal ondersteun.

## 24 Mali
Mali beskik oor ŉ klein maar aktiewe Christelike gemeenskap. Dank die Here vir die teenwoordigheid van Sy Kerk in Mali. Bid vir wysheid vir pastore terwyl hulle gemeentes te midde van toenemende uitdagings lei en bedien.

## 25 Mali
Mali staar verskeie ekonomiese uitdagings in die gesig weens die land se hoë vlakke van armoede. Die meeste mense woon in afgeleë gebiede met struikelblokke soos ŉ gebrek aan toegang tot water. Bid dat die Here aan Sy kinders sal voorsien.

## 26 Burkina Faso
Burkina Faso het in 2022 ŉ militêre staatsgreep beleef. Dit is uiters moeilik om te midde van politieke onrus stabiliteit te bewerkstellig. Bid vir wysheid vir die regering en beter politieke omstandighede, waarin mense veilig en produktief kan leef.

## 27 Burkina Faso
Fati* is ŉ voorbeeld van God wat in die lewens van gewelddadig vervolgde gelowiges werk. Sy en haar gesin het ná ŉ verwoestende aanval deur militante uit hul dorpie gevlug. Prys God vir hierdie jong ma se onwrikbare geloof.

## 28 Burkina Faso
Burkina Faso is steeds een van die wêreld se lande wat die minste ontwikkel is. Nagenoeg 80% van die bevolking is vir oorlewing by bestaansboerdery betrokke. Bid vir voldoende reën sodat die mense kan eet.

## 29 Sub-Sahara Afrika
Jihadistiese groepe is aktief betrokke in ŉ toenemende aantal lande in sub-Sahara Afrika. Bid vir wysheid vir die leiers en regerings om hul bevolkings te beveilig en hul mense teen dié skrikbewind te beskerm.

## 30 Nicaragua
Nicaragua is vir die eerste keer in die 50ste posisie op die Wêreldwaarnemingslys weens die regering se toenemende vyandigheid teenoor Christene. Bid dat Christene standvastig in hul geloof sal bly.

## 31 Nicaragua
Die regering het verskeie kerkleiers gearresteer in hul pogings om opposisie teenoor president Daniel Ortega te kelder. Bid vir die vrylating van kerkleiers wat vir "misdade" teen die samelewing en die regering gevange geneem is.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes. Alle inligting was korrek ten tyde van publikasie.

Geopende Deure    Vervolg Maar nooit alleen.